

Source: BURGER

Date: 31-Oct-2001

Topic: 08

Ref No: 14401



1

ID: 02759272-01 Source Page: 3

Manuel sê uitstel van privatisering is nie 'n krisis

Jaco Leuvennink

KAAPSTAD. – Die uitstel van die Telkom-notering en die verkoop van die staat se belang in M-Cell tot die volgende boekjaar sal nie onnodige druk op die finansieringsbehoefte van die staat plaas nie, het mnr. Trevor Manuel, minister van finansies, gister in sy middeltermyn-begrotingsverklaring gesê.

In Februarie se begroting is voorsiening gemaak vir inkomste van R18 miljard uit privatiseringsprojekte in die lopende boekjaar.

Die bedrag is egter nou verdeel in ongeveer R3,5 miljard vir die lopende boekjaar (hoofsaaklik uit Sasria-dividende wat reeds ontvang is) en sowat R14,5 miljard (uit die Telkom-notering en M-Cell-verkope), wat na die volgende boekjaar oorgedra word.

Dit beteken dat die staat se leningsbehoefte vir die lopende boekjaar van die begrote R12,4 miljard (1,3% van die BBP) tot R22,3 miljard (2,3% van BBP) aangepas sal moet word. 'n Gesindikeerde internasionale lening van \$1,5 miljard (R13,5 miljard) sal volgens die verklaring hiervoor voorsiening maak.

In 2002/03 sal die leningsbehoefte na R16,4 miljard (1,6% van BBP) afneem, voordat dit weer in 2003/04 en 2004/05 tot onderskeidelik R28 miljard en R29,5 miljard (in albei gevalle 2,4% van BBP) sal toeneem.

Die begrote terugbetaling van R7,4 miljard se binnelandse staatseffekte in die lopende boekjaar is onveranderd.

Die totale staatskuld het einde Maart vanjaar op R399 miljard (of 44,5% van BBP) gestaan. Die buitelandse komponent van hierdie skuld was R31,9 miljard, wat

volgens internasionale standaarde betreklik laag is.

Manuel het bevestig dat die versnelling van privatisering 'n voorkeursaak vir die regering bly, maar was huiwerig om hom tot die verwagte opbrengs uit privatisering oor die volgende drie jaar van sowat R40 miljard te verbind.

Hy het gesê dit is moeilik om bedrae aan privatiseringsopbrengste te koppel. Daarom word gebeurlikheidsplanne en gereed gehou sou teikens waarvoor begroot is, nie gehaal word nie.

Hy is tog optimisties dat meer as R15 miljard in die volgende boekjaar uit die Telkom-notering en die MCell-verkope verkry sal word omdat die regering marktoestande fyn dophou. Hy meen die kommunikasie- en inligtingstechnologiebedryf in Afrika het steeds groeipotensiaal en beleggers beseft dit.